



## Sekerheid in ŉ onseker wêreld

As u ŉ woord kon kies om die ingesteldheid van hierdie geslag te beskryf, wat sou dit wees? Ek sou die woord *onsekerheid* kies. Dit lyk asof meer mense as ooit tevore onseker oor die toekoms is. Hulle wonder of ŉ sinnelose terroriste-aanval of vyandige nasie skielik hul lewens sal uitwis. Hulle is onseker oor die moontlikheid of ons skielik deur ŉ kernoorlog van die aardbodem afgevee sal word en of aardverwarming ons eerste sal vernietig.

Vir miljoene is hierdie gevoel van onsekerheid uiters persoonlik. Hulle is onseker oor waar hul volgende ete vandaan sal kom of waar hulle vanaand gaan slaap. Mense is onseker oor hul gesondheid, hul huwelike en hul toekoms. Diep in hul harte, waar dit belangrik is, voel hulle besorg oor wat volgende kan gebeur. Hulle het ŉ gevoel van onrustigheid oor wat van hierdie wêreld gaan word. Hulle is regtigwaar bekommerd oor die soort wêreld waarin hul kinders moet grootword en waarheen die samelewing op pad is.

Morele beginsels, wat as vanselfsprekend aanvaar is, word vandag ernstig bevraagteken. Dit lyk asof die morele grondslag van die samelewing besig is om te verkrummel. Min dinge is seker. Baie se hoop op ŉ blink môre en ŉ positiewe toekoms het verdwyn. Iemand het gesê: " ŉ Mens kan dae sonder kos lewe, ure sonder water, minute sonder lug, maar glad nie sonder hoop nie."

### Desperate mense doen desperate dinge

Die heersende rusteloosheid in ons samelewing - die innerlike wete dat iets nie reg is nie, onsekerheid, die vrees vir die toekoms - skep ŉ gevoel van hopeloosheid. Hierdie hopeloosheid dompel miljoene mense in ernstige depressie, wat 20% van die wêreld se bevolking op een of ander tydstip in hul lewens raak. Die Wêreldgesondheidsorganisasie voorspel dat depressie teen 2020 met hartkwaal sal meeding as die gesondheidsversteuringrisiko. Een persoon sterf elke 40 sekondes deur selfdood. Die wêreldwye selfdoodsyfer het die afgelope 45 jaar met 60% toegeneem.

Ongeveer $6 miljard (R83 miljard) word jaarliks aan antidepressante bestee. In die VSA alleen, skryf mediese spesialiste jaarliks meer as 270 miljoen voorskrifte vir hierdie medikasie. In wanhoop wend baie mense hul na alkohol. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie ly ongeveer 140 miljoen mense aan alkoholverwante siektes.

### Hoop maak ŉ verskil

Wanneer ons moed verloor, hang donker wolke van wanhoop oor ons. Die toekoms lyk somber en onseker. Hoop lei ons egter van wat ís, na wat kan wéés. Hoop verf môre in helder kleure. Dit lig ons gees uit die modder hier onder na die hemel daarbo. William Shakespeare skryf: "Die ellendige het geen ander geneesmiddel as hoop nie."

Hoop is nie ŉ vae verlange na ŉ beter toekoms nie. Dit is nie ŉ ongegronde begeerte sonder feitlike sekerheid of versekering nie. Die antieke Skrif bied hoop as ŉ sterk, sekere verwagting gegrond op die onveranderlike beloftes van God. Die apostel Paulus skryf in die Bybelboek Romeine, "Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê" (Romeine 15: 4).

Die beloftes van God gee ons hoop vir vandag, vir môre en vir die ewigheid. Dit praat met sekerheid in ŉ onseker wêreld. Dit spreek hoop in ons rustelose gedagtes en vrede in ons angstige harte.

Die Bybel vertel dat God elkeen van ons in Sy beeld geskape het en Hy wil graag hê dat ons vreugdevolle, oorvloedige lewens moet lei (Genesis 1:27; Johannes 10:10). Ons is Sy besondere eiendom. Hy belowe om ons nooit te begewe en te verlaat nie (Hebreërs 13: 5, 6).

Alhoewel ons uitdagings in die gesig staar en die lewe nie altyd verloop soos ons beplan of gehoop het nie, staan God se beloftes vas. Die antieke profeet Jesaja gee ons hierdie versekering: "U sal ŉ standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U" (Jesaja 26:3). Die profeet gaan voort met hierdie woorde van aanmoediging: "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand" (Jesaja 41:10). Ons geluk is nie gebaseer op die illusie dat niks slegs ooit met ons sal gebeur nie, of op die fabelagtige droom dat elke dag beter as die vorige sal wees nie. In werklikheid gebeur slegte dinge dikwels met goeie mense.

Ons leef in ŉ gebroke wêreld. Siekte, lyding, armoede en kwale tref beide regverdiges en onregverdiges. Die verskil is egter - diegene wat hul geloof in God plaas, is vol hoop. Ons anker ons hoop in ŉ God wat ons nooit in die steek sal laat nie (Hebreërs 6:18,19). Ons hoop is in ŉ God wat saam met ons in ons beproewings en probleme ly (Jesaja 63: 9). Dit het as grondslag Christus wat eens in menslike vlees geleef het, wat ons verstaan en in al ons beproewinge versterk (Hebreërs 4:15). Hy huil saam met ons. Hy het gekom om ons hoop vir ŉ beter toekoms te gee. Hy is ons hoop (1 Timótheüs 1:1). Deur Christus is die gawe van die ewige lewe ons s'n (Johannes 3:16). Namate ons deur geloof die gawe van die ewige lewe begryp wat Hy so vryelik aanbied, kyk ons verby die probleme van hierdie lewe na die ewige geselskap en vreugde wat Hy ons genadiglik bied.

### Twee groot gebeurtenisse gee hoop

Die hele Bybel fokus op twee groot gebeurtenisse - Christus se eerste koms en sy wederkoms. Hy het die eerste keer gekom om ons van die skuld, veroordeling en gevolge van die sonde te verlos. "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, ons Here" (Romeine 6:23). Hy kom weer om ons van die teenwoordigheid van die sonde te verlos. Binnekort sal Jesus in heerlikheid terugkeer om ons huis toe te neem. Hy het gesê: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Johannes 14: 1-3).

Mag u hart vandag met hoop gevul word. Jesus kom binnekort om ŉ einde te maak aan al u hartseer en beproewings. Die uitdagings en moeilikhede van die lewe sal iets van die verlede wees en ons sal vir ewig saam met Hom lewe. In ŉ onsekere wêreld staan Sy beloftes vas. Hoekom dank u Hom nie sommer nou vir Sy wonderlike beloftes nie? Bid gerus hierdie eenvoudige gebed:

Liewe Jesus, ek maak my hart vir U oop. Vul my met die sekere wete dat U beloftes waar is. Help my om dit persoonlik te begryp en te leef in die hoop van U verlossing en die versekering dat U elke dag by my is om my te versterk en aan te moedig. Ek glo dat ek met ŉ hoopvolle hart kan leef, in volle vertroue dat U binnekort sal kom om my huis toe te neem om vir altyd by U te wees. Ek bid dit in U Naam, Amen.

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel Kyk Hope-Kanaal op u TV 0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA

**africa.glowonline.org**